## PENELOPE SILVA (RED.): THE ALBANY JOURNALS OF THOMAS SHONE. THE GRAHAM'S TOWN SERIES NO. 12. MASKEW MILLER LONGMAN (GEPUBLISEER VIR UNIVERSITEIT RHODES, GRAHAMSTAD), 1992. PRYS R75-84.

Die bronnepublikasie-reeks *The Graham's Town Series* het pas die bogenoemde dagboeke van die Britse Setlaar Thomas Shone gepubliseer. Die wetenskaplike peil van hierdie werke is besonder hoog en die reeds gepubliseerde dokumente in die reeks is van aansienlike belang vir navorsers en die publiek. Vandag is dit nie meer nodig om bv. die dagboeke van John Ayliff, William Shaw of C.L. Stretch in die Cory-biblioteek in Grahamstad te gaan reedpleeg nie, maar dit kan gemaklik tuis in gepubliseerde vorm bestudeer word danksy die redaksie van *The Graham's Town Series.*

Soos die redakteur van hierdie uitgawe tereg opgemerk het, sou Thomas Shone vir historici en die nageslag slegs nog 'n Britse Setlaar op die lys gewees het as hy nie 'n dagboek bygehou het nie.

Shone het as "arbeider" saam met sy vrou en kinders op die *Nautilus* hier aangekom en op die plaas Clumber naby Bathurst geboer en ook as skoenmaker sy brood verdien. Later as bejaarde het hy by sy seun Henry gaan woon. Henry het geboer naby die teenswoordige Kidd's Beach.

Die dagboeke van Shone dek die jare 1838-1839, 1850-1854 en 1856-1859. Hoewel hy baie min oor politieke gebeure berig en die historiese belang van sy mededelings deur heelwat ander soortgelyke dagboeke oortref word, lê die betekenis daarin dat ons hier 'n daaglikse optekening het van 'n gewone man se lewe in 'n klein plattelandse gemeenskap. Shone het die vermoë gehad om die alledaagse bestaan pragtig duidelik te beskryf. Sy onderwerpe het uiteraard dikwels met homself te doen: sy stryd teen swaarmoedigheid, skuld, drankmisbruik,ongunstige weersomstandighede en om sy jong kinders alleen groot te maak nadat sy vrou hom reeds in Desember 1837 ontval het. Verder was hy ook nog in 'n mate vervreem van die mense rondom hom omdat hy 'n verhouding met 'n getroude vrou aangeknoop het. Sy kommentaar en kritiese opmerkings oor ander persone is ook vir die navorser van waarde want dit betrek dikwels persone van historiese belang.

Die publikasie is van 'n bruikbare inleiding voorsien waarin die redakteur 'n oorsig oor die geskiedenis van die Kaapse oosgrens in die tydperk 1820-1859 gee. Verder bevat die werk bylaes waarin kort biografiese inligting oor vermelde persone verskaf word, asook 'n verklarende woordelys, resepte wat Shone aangeteken het, 'n geslagsregister van die Shone-familie, ens. Daar is ook 'n paar kaarte, 'n bronnelys en die broodnodige alfabetiese register.

Dr. J.C. Visagie